



van

die Geloftedolk van Suid-Afrika

DIE GELOFTEVOLK KOÖRDINERINGSKOMITEE MAAK HIERMEE DIE BESLUIE BEKEND.

Hierdie besondere teken het Vrydag middag na 'n reënbui, verskyn.

Agtergrond:

Die Konsilie is byeengebring weens die ellendige toestand waarin ons as Christengelowige volk tans verkeer. Binne Bybelse verband is ons huidige omstandighede die simptome van strafgerig. Onder sulke omstandighede is selfondersoek van oorlewingsbelang. Israel het telkens weens afvalligheid in soortgelyke omstandighede verval, en het dan hul sonde bely en as volk teruggekeer na die verordende weë van ons hemelse Vader. Die Geloftedolk Koördineringskomitee reik hiermee na ons broers en susters uit in liefde ter bekering van ons volk tot die Lewende God.

Vrydag 29 Maart 2013

1. Die Afrikaanse Bybel as ware weergawe van die geskrewe Woord van God.

Die Konsilie neem met dank kennis van die voorleggings van Dr. Jeanette Erasmus en Dr. Willem P. de Waal m.b.t. die Afrikaanse Bybel as ware weergawe van die geskrewe Woord van God.

Vanuit die voorleggings, en in die lig van Efesiërs 6:12, wat as volg lees:

“Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug”

– kom die konsilie tot die gevolgtrekking dat bybelvertalings ook hierdeur geraak word.

Die motiewe en metodes van die magte agter voortdurende bybelvertalings, veroorsaak dat Christen gelowiges se geloof stelselmatig weggelei word van die Waarheid van die Woord van God.

- Dit het tot gevolg dat Christen gelowiges toenemend weerloos gelaat word teen die stryd en aanslae van die bose, soos opgeteken staan in: *Efesiërs 6:16-17: “Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die Woord van God—”*
- Dit het ook tot gevolg dat daar afgewyk word van die oorgelewerde tekste nl.: die Masoretiese Teks en die Textus Receptus, wat die omvangryke hervormings-beweging ten grondslag geleë het. Die voortdurende modernistiese aanbieding van nuwe bybelvertalings bring relativisme m.b.t. “reg en verkeerd” mee. Dit doen afbreuk aan die rigtingwysing van die Wet/Woord van God.

en

- Dit vestig al meer twyfel en verdeeldheid in die harte van Christen gelowiges m.b.t. die Godheid en Middelaarskap van Jesus Christus [Jahsua die Messias].

Ten gevolge hiervan konstateer die konsilie dat enige bybelvertaling wat gegrond word op ander tekste dan die Masoretiese Teks en die Textus Receptus, verwerp moet word.

Voorbeelde hiervan is:

- 1983 Afrikaanse Nuwe Vertaling,
- 1992 Afrikaanse Vertaling,
- 2006 Nuwe Lewende Vertaling,
- 2016 Afrikaanse Vertaling wat in proses is, wat 'n letterlike vertaling van onbetroubare grondtekste sal wees.

Enige bybelvertalings, gegrond op die geïnterpreteerde vertaalmetode, nl. die Dinamies-ekwivalente Metode, word ook verwerp.

Die konsilie verklaar dat ons as medegelowige volksgenote die verantwoordelikheid het om die Woord van God te bewaar. Die Waldense en ons voorouers het vir ons hierin 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel in hulle bittere stryd tot eer van God.

Joh. 14:23: "Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my Woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak."

Dit beteken dat hulle wat Sy Woord nie bewaar nie, Hom nie liefhet nie, en dat Hulle nie by diesulkes woning sal maak nie. Deut.4:2; Open.22:18-19.

2. Die leer van Bileam as oorsaak van hedendaagse volksonde

Die Konsilie neem met dank kennis van die voorlegging van Dr. Jann Schlebusch m.b.t. die leer van Bileam as oorsaak van hedendaagse volksonde.

Vanuit die voorlegging is dit duidelik dat die toestand waarin ons as Christen-gelowiges onself tans bevind, die gevolg is van die geloofs-louheid in die verlede, asook in die hede.

Soos uiteengesit in die voorlegging en wat na vore gekom het tydens besprekings, kom die konsilie tot die gevolgtrekking dat die Bileamsleer in sy volle omvang die volgende behels:

- Fisiese vermenging met volke waarvan die kultuur grondslag nie op die Woord van God gegrond is nie. Dit lei noodwendig tot vleeslike- en godsdienstige hoerery.
- Integrasie met ongelowige volke lei tot die vervreemding van ons volk van die Lewende God. Dit het huidige in praktyk die gevolg dat die drumpel van God met dié van afgode gelykgemaak word.
- Godsdiensvryheid lei daartoe dat die ware Godsdienste gelykgestel word aan valse godsdienste. Dit is 'n oortreding van die eerste gebod en ondermyn so God se verbondswerk. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis, art 36 het die Bybelse opdrag ook so verstaan.
- Die gelykheidsbegrip, wat die gevolg is van die vooropgestelde reg van die mens om vir hom 'n god te kies, het ten gevolge dat alle gode gelyk gestel en gerespekteer moet word. Wetend- of onwetend word die Almag van die Lewende God daardeur geminag. Dit bring onder andere ook mee dat Christene vandag onbeswaard voedsel aankoop waarby heffings van godsdienstgroepe by die prys ingesluit is. Hierdeur word ander godsdienste deur Christene gefinansier en dus bevorder. Sodoende beoefen Christen volksgenote tans letterlik godsdienstige hoerery deur 'n finansiële belegging téén Christus te maak!

Die konsilie betreur die algemene neiging dat die meeste Christen denominasies geen besware het teen die neerslag wat die leer van Bileam tans in ons volk vind nie. Hiermee word die waarskuwing van Christus in Openbaring 2 verse 12 tot 29 verontagsaam.

Open. 2:14,20 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

3. Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde.

Die konsilie neem met dank kennis van die voorlegging van Flip Swanepoel m.b.t. Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde.

Vanuit die voorlegging konstateer die konsilie dat binne die huidige godsdienstig heterogene samelewings-ordening waarin die Geloftevolk haarself tans bevind, sy nie haar roeping kan vervul nie.

Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat 'n volk, waarvan die kultuurgrondslag geleë is in die Woord van God, haar sal moet beywer om 'n voortbestaan na te streef waarin sy deur haar eie gelowige volksgenote regeer sal word binne eie grondgebied. Hierdie besluit is gegrond op die deurlopende opdragte in die Skrifte soos onder andere vervat in:

- *Deut. 17:14-15: "As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is, dan moet jy sekerlik 'n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy 'n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie."*
- *Lev. 20:24, 26: "En Ek het vir julle gesê: Julle sal hulle land in besit neem, en Ek sal dit aan julle as besitting gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Ek is die HERE julle God wat julle van die volke afgesonder het."*
"En julle moet vir My heilig wees, want Ek, die HERE, is heilig; en Ek het julle van die volke afgesonder om myne te wees."
- *2 Kor. 6:14-18: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."*
2 Kor. 7:1: "Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring."
- *Open. 18:4: "En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie."*

Afgesonderheid in vlees en gees is dus gebiedend noodsaaklik vir volhoubare volksdiens aan die Lewende God.

Die voortdurende smeking vanuit medegelowige volksgenote moet wees dat ons vir ons Hemelse Vader 'n Huis sal stig waar, wanneer en soos dit Hom behaag.

Die konsilie vereenselwig haar hiermee met die volgende uitspraak:

John Adams, 2nd U.S. President and Signer of the Declaration of Independence: *"Suppose a nation in some distant Region should take the Bible for their only law Book, and every member should regulate his conduct by the precepts there exhibited! Every member would be obliged in conscience, to temperance, frugality, and industry; to justice, kindness, and charity towards his fellow men; and to piety, love, and reverence toward Almighty God ... What an Utopia, what a Paradise would this region be."* --Diary and

Autobiography of John Adams, Vol. III, p. 9.

4. Broederskap as kenmerk van gehoorsaamheid aan die Wet van Christus.

Die konsilie neem met dank kennis van die voorlegging van Jurgens van Zyl m.b.t. Broederskap as kenmerk van gehoorsaamheid aan die Wet van Christus.

Die Konsilie konstateer dat die opdrag van Christus, m.b.t. die uitlewing van Sy wet, sigbaar sal vergestalt in broederliefde. Sodanige broederskap verwys primêr na medegelowiges binne volksverband.

Eks. 2:13: "Die volgende dag het hy weer uitgegaan, en daar was twee Hebreuse manne wat met mekaar veg. Hy vra toe vir die een wat ongelyk gehad het: Waarom slaan jy jou naaste?"

Lev. 19:17-18: "Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie. Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE."

Die konsilie lê hiermee klem op die volgende:

- Volksgelowiges sal as ware gereddes in Christus (Messias) geken word aan hul daaglikse uitlewing van Christus [Messias] se opdrag, nl. die voortsetting van vereiste wetsonderhouding, soos ontvang by Horeb. Christus laat Hom as volg daarvoor uit:
Mat. 5:17-20: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemele en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooië breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."
- Die wet soos opgeteken in Eks. 20:1-17 word deur Christus soos volg opgesom:
Mark. 12:29-31: "En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooië is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie."
- Omdat Christus hierdie Wet volkome kon onderhou, tree Hy op as versoeningsoffer vir die wetsoortreders wat hulle beroep op Sy verlossingswerk.
1 Joh. 1:9: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."

Gesien in die lig van die grootskaalse verdeeldheid onder ons volk wat gegrond is op verskillende interpretasies van die Skrif deur vele denominasies, betreur die Konsilie die daarmee gepaardgaande gebrek aan broederliefde in ons volk. Die Konsilie konstateer hiermee, dat op grond van Christus se kwalifikasie van wetsonderhouding, ons volk op die huidige stadium geensins kwalifiseer as broeders in Christus nie.

1 Joh. 3:10: "Hierin is die kinders van God en die kinders van die duivel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie."

Joh. 13:34-35: " 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

Sondag 31 Maart 2013

5. Die Nuwe Testamentiese begrip van Strafferig.

Die konsilie neem met dank kennis van die voorleggings van Kobus Botes en Dr. Ronnie van der Merwe m.b.t. die Nuwe Testamentiese begrip van Strafferig.

Strafferig is deurgaans in die Skrif die gevolg van wetsoortreding. Ons Hemelse Vader het in die Nuwe Verbond die versoeningsoffer van Sy Seun ingestel as verlossing vir die wetsoortreding van gelowiges waardeur Hy hulle in volle geregtigheid onder die Wet bring.

Strafgerig dien egter as tugroede terug na die Wet en dus terug na Christus. Vir die uitverkorenes wat onder die Wet is, dien dit dus tot lydsaamheid en gehoorsaamheid.

Heb. 12:6-8: "want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?"

Vir ongelowige uitverkorenes dien dit as rigtingwyser na die verlossingswerk van Christus.

Dit is duidelik dat die Gelooftevolk tans onder strafgerig verkeer. Hierdie strafgerig is die gevolg van ons eie geestelike nalatigheid. Dit is verder duidelik dat ons huidige heersers as strafroede deur God aangewend word.

Heb. 12:11: "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is."

Die volksgenote wat hierdie strafgerig nie bemerk nie en ander in valse gerustheid hou, staan onder die beskuldiging van:

Heb. 12:8: "Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie."

Dit is die bede van die konsilie dat die Gelooftevolk die tugtiging sal aanneem en haar sal bekeer van haar verkeerde weë.

Eseg. 33:1-11: "En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê: Mensekind, spreek met die kinders van jou volk en sê vir hulle: As Ek die swaard oor 'n land bring, en die mense van die land neem 'n man uit hulle kring en stel hom as wag vir hulle aan, en hy sien die swaard aankom oor die land en blaas met die basuin en waarsku die mense— as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel. As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg—dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered. En jy, mensekind, sê aan die huis van Israel: So het julle gesê: Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg—hoe kan ons dan lewe? Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?"

6. Regverdigmaking en heiligmaking vanuit Bybelse perspektief.

Die konsilie neem met dank kennis van die voorleggings van Johan Erasmus, Fanie Ruppington en Tienie Dumas m.b.t. Regverdigmaking en heiligmaking vanuit Bybelse perspektief.

Weens die verklaring dat Apartheid sonde is, is ons as volk binne die geledere van die Afrikaanse Kerke grootliks verdeeld, en word ons as volk met 'n onregverdige skuldgevoel belas. Die rol wat die geestelike leiers van ons volk hierin speel, is bydraend tot die geestelike en morele verval van ons volk. Die doen van goeie werke, by baie van ons volksgenote, is gevolglik daarop gerig om van die skuldgevoel ontslae te raak. Goeie werke moenie daarop gerig wees om mense te behaag nie, maar om God te behaag.

Die konsilie benadruk hiermee haar besorgdheid dat die huidige geestelike toestand van ons volk tot 'n groot mate die gevolg is van 'n gebrek aan kennis m.b.t. die volgende geloofsaspekte:

- a) **Regverdigmaking:** Ons regverdigmaking is die bedekking van ons sondeskuld deur die Bloed van Christus. Ons sondeskuld is die gevolg van wetsoortreding.
Rom. 4:24b-25: "… ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het, wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking."

Rom. 5:9: “Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregtig is in die bloed van Christus, deur Hom gered word van die toorn.”

- b) **Heiligmaking:** Heiligmaking is die uitlewing van ons verlossing in Christus. Hierdie uitlewing sal gesien word uit ons liefde onder mekaar en gehoorsaamheid aan ons Hemelse Vader.
Joh. 14:23: “Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my Woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.”

Paulus, apostel van Christus, verwoord regverdigmaking en heiligmaking as volg:

2 Kor. 6:14-18: “Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.”

2 Kor. 7:1: “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.”

Heiligmaking wat spruit vanuit die geloof in die verlossing wat Christus vir ons bewerk het, is die toonbeeld van ons gewilligheid om God te dien. Dit spruit vanuit Sy Liefde vir ons en ons Liefde vir Hom, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Jak. 2:14: “Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?”

Jak. 2:17: “Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.”

- c) **Nederlandse Geloofsbelydenis:** Die konsilie verwys hiermee ook na die grondige en breedvoerige uiteensetting m.b.t. regverdigmaking en heiligmaking, soos vervat in artikels 19, 22 en 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. (Wat aanvaar is met die sinode in Dordrecht 1618-1619.)

Dit is die bede van die Konsilie dat die Gelooftevolk deur die Heilige Gees van God tot die begeerte gebring sal word om haar te bekeer, sodat sy in geregtigheid gebring kan word deur Christus en ’n afgesonderde/heilige lewe kan lei.

7. Aanverwante besluite voortspruitend uit die Konsilie.

1. Die konsilie gee opdrag aan die Gelooftevolk Koördineringskomitee [GKK] om ’n komitee tot stand te bring wat die verskeie gesondheids- en geestelike aspekte rondom die vervaardiging en gebruik van voedselsoorte moet ondersoek en bekend maak.
2. Die konsilie versoek die GKK om by geleentheid ’n ondersoek te doen en voor te lê wat handel oor die algemene gebruik van verassing in plaas van begrawing. Die vermoede bestaan dat verassing ’n gruwel mag wees in die oë van die Lewende God.

Geteken:

Dr. Ronnie van die Merwe [GKK Voorsitter]

Referate

[Referaat - Afrikaanse Bybel as ware weergawe van die Woord van God \(Dr. Willem de Waal.\)](#)

[Referaat- Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis \(Flip Swanepoel\)](#)

[Referaat - Bileamsleer \(Dr. Jann Schlebusch\)](#)

[Referaat - Broederskap \(Jurgens van Zyl\)](#)

[Referaat - Bybelvertalings \(Dr. Jeanette Erasmus\)](#)

[Referaat - Heiligmaking \(Fanie Ruppig\)](#)

[Referaat - Regverdigmaking en Heiligmaking \(Tienie Dumas\)](#)

[Referaat - Regverdigmaking en Heiligmaking - Tabernakel \(Johan Erasmus\)](#)

[Referaat - Nuwe Testamentiese Begrip Van Strafgerig \(Dr. Ronnie van der Merwe\)](#)

[Referaat - Nuwe Testamentiese Begrip Van Strafgerig \(Kobus Botes\)](#)